## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 15 FEBRUARIE 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | *(sluit aan om 10:40)* |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. GJ Goliath | : | Munisipale Bestuurder - waarnemend |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AJ Willemse | : | Direkteur Tegniese Dienste - waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur *(sluit aan om 11:25)* |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Komitee en Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitees |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/02/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Uitvoerende Onderburgemeester open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN002/02/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge
Direkteur Tegniese Dienste – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/02/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/02/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 30 JANUARIE 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 30 Januarie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (S WILLEMSE)***

***

**BKN005/02/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/02/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

- Dat die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling gehospitaliseer is en wens hom alle sterkte toe.

Die Voorsitter doen die volgende mededeling:

- Hy wens die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling 'n spoedige herstel toe en gee opdrag aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om namens Bergrivier Munisipaliteit 'n ruiker aan hom te oorhandig.

***DIREKTEUR KORPORATI EWE DIENSTE***

***

**BKN007/02/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/02/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/02/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: MYN: NAMAQUASFONTEIN**
**9/1/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer aan die Komitee rakende die projek. Hy meld dat die Munisipale Bestuurder regsopinies vanaf prokureursfirma's verkry het en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op hoogte gehou sal word rakende die vordering.

**KENNIS GENEEM**

**

**BKN010/02/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: TERUG-VOER: WATERASSESSERING**
**9/1/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer rakende die waterassessering in die Bergrivier Munisipale gebied.

Hy meld verder dat Provinsie tevrede is met die vordering ten opsigte van die bestuur/monitering van die waterkrisis in Bergrivier Munisipaliteit.

Verdere insette/kommentaar word gelewer deur die Komitee.

Ten slotte lig die waarnemende Munisipale Bestuurder die Komitee in dat 'n spesiale Raadsvergadering op Vrydag 16 Februarie 2018 om 08:30 gehou sal word om Bergrivier Munisipaliteit as 'n Rampgebied te verklaar.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN011/02/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, ter inligting aan die Komitee.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN012/02/2018**
**VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM V. 553**
**15/3/8**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die aansoek om 'n gedeelte van Erf 553, Velddrif (± 135m²) aan Mnr. C. van der Westhuizen te vervreem **afgekeur** word, aangesien die betrokke gedeelte grond benodig word vir die lewering van basiese dienste, soos per Artikel 14.2(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (56 van 2003) bepaal.

***

**BKN013/02/2018**
**VERMINDERING / AFSKRYF VAN GRONDGEBRUIKAANSOEK TARIEWE VIR BEWAARSKOLE**
**15/3/8**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Komitee.

Die Uitvoerende Onderburgemeester versoek dat daar 'n teikendatum gekoppel word aan die gesamentlike aansoek wat ingehandig moet word.

**BESLUIT**

Dat die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling die gesamentlike aansoek teen 30 April 2018 afhandel en die gewysigde tarief vir die 2018/19 begroting aan die Begrotingloodskomitee voorlê vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad.

***BESTUURDER BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**BKN014/02/2018**

**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTES VAN: ERF 1101 PIKETBERG (WATSONIA SPORTGROND); ERF 173 AURORA; ERF 624 LAAIPLEK (NOORDHOEK); ERF 592 LAAIPLEK (PORT OWEN) & ERF 523 VELDDRIF (MUNICIPAL OFFICES PB.1101, A.173, L 624, L 592, V.523)**

**15/3/8**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die verslag, waarna hy die Komitee deur die aanbeveling neem.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende die R4000.00 huurgeld per maand wat deur die Eagle Towers SA (Pty) Ltd aan die Raad oorbetaal sal word. Die waarnemende Munisipale Bestuurder bevestig dat Bergrivier Munisipaliteit die reg het om die huurgeld te verhoog.

Verder meld die Uitvoerende Burgemeester dat "Eagle Towers SA (Pty) Ltd" hul sosiale bydraes vir die Raad opskrif moet stel.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die verhuring van Gedeeltes (±56m² groot) van Erf 624 Laaiplek, Erf 592, Laaiplek en Erf 523, Velddrif **nie toegestaan word** omrede dit 'n negatiewe impak op die karakter van die onderskeidelik dorpe/gebiede sal hê waar dit voorgestel word, en daar eerder gekyk word na opsies van 'co-location' op bestaande goedgekeurde vrystaande telekommunikasie basisstasies of dakgebaseerde basisstasies op bestaande geboue in die area om genoemde dienste te lewer;

2. Dat die verhuring van 'n Gedeelte (±56m² groot) Erf 173, Aurora **nie toegestaan word** vir die oprigting van 'n 25m vrystaande telekommunikasie basisstasie nie, omrede daar nie beskikbare spasie op perseel is weens bestaande munisipale geboue strukture/infrastruktuur en kommunikasie toring op die perseel;

3. Dat verhuring van 'n Gedeelte (±56m² groot) van Erf 1101, Piketberg (Watsonia Sportgrond) ten einde 'n 25m vrystaande telekommunikasie basisstasie toe te laat **ondersteun** word en dat die Raad se voorneme om 'n Gedeelte (±56m² groot) van Erf 1101, Piketberg (Watsonia Sportgrond) aan Eagle Towers SA (Pty) Ltd te verhuur vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande teen R6000.00 per maand (ingesluit 'n jaarlikse eskalasie van CPI) met inagneming dat punt 9 van die besluit afgehandel word, geadverteer word vir 30 dae vir publieke kommentaar en indien geen besware ontvang word nie, daar voortgegaan word met die verhuring van die eiendom onderhewig aan die volgende voorwaardes:

   3.1.1 'n Elektriese minisub voorsien moet word op die vereistes soos onderhandel en ooreengekom deur Eagle Towers SA (Pty) Ltd en die Tegniese Direktoraat van Bergrivier Munisipaliteit, ten einde die voorgestelde vrystaande telekommunikasie basis-stasie te akkommodeer;

3.1.2 Toestemming verleen word aan die Eagle Towers SA (Pty) Ltd om aansoek te doen vir vergunningsgebruik ten einde 'n 25m vrystaande telekommunikasie basisstasie met meegaande infrastruktuur toe te laat ingevolge Artikel 15 van Bergrivier Munisipaliteit Verordening Insake Munisipale Grondgebruik-beplanning;

3.1.3 Alle relevante goedkeuring ingevolge toepaslike wetgewing verkry word voor aanvangs van aktiwiteite en/of oprigting van toerusting strukture en bewyse hiervan ingedien word by hierdie munisipaliteit;

3.1.4 Wanneer Eagle Towers SA (Pty) Ltd 'n aansoek vanaf 'n moontlike huurder ontvang om Wi-Fi Dienste vanaf 'n Eagle Toring te verskaf wat binne die Bergrivier Munisipale gebied geleë is, moet Bergrivier Munisipaliteit die geleentheid gebied word om te bepaal of Wi-Fi inmeng op munisipale rekenaar netwerk of nie, alvorens Eagle Towers SA (Pty) Ltd die aansoek oorweeg;

4. Dat alle kostes verbonde aan punt no. 3.1.1 en 3.1.3 vir die Eagle Towers SA (Pty) Ltd sal wees;

5. Dat onderverhuring toegelaat word aan Eagle Towers SA (Pty) Ltd;

6. Dat Eagle Towers SA (Pty) Ltd verantwoordelik sal wees vir jaarlikse inspeksies van die telekommunikasie basisstasie om strukturele integriteit, regstelling ooreenkomstig te doen en gereelde instandhouding waarvan die kostes vir hul sal wees;

7. Dat Eagle Towers (SA) Pty Ltd verantwoordelik sal wees om alle strukture/toerusting te verwyder en die gedeelte grond te rehabiliteer na verstryking van die huurtermyn;

8. Dat hierdie munisipaliteit nie verantwoordelik gehou sal word vir enige skade of verliese gelei deur die voorgestelde verhuring van grond, maar dat Eagle Towers (Pty) Ltd, enige eise wat veroorsaak word ten opsigte van beserings aan die publiek tydens die konstruksie en tydens huurtermyn deur die voorgestelde telekommunikasie basisstasie en meegaande infrastruktuur deur Eagle Towers SA (Pty) Ltd se publieke aanspreeklikheid versekering gedek sal word;

9. Dat die aansoek in beginsel goedgekeur word en die volgende kwessies ondersoek word deur die Beplanningsafdeling en voorgelê word aan die Raad vir finale oorweging/besluitneming, te wete:

9.1 dat Eagle Towers (Pty) Ltd hulle "Corporate Social Responsibility Program" aan Bergrivier Munisipaliteit skriftelik voorlê;
9.2 dat gekyk word na ander Munisipaliteite se huurgelde om 'n markverwante huurbedrag te bepaal; en
9.3 dat bestaande/naby geleë strukture, byvoorbeeld bestaande telekommunikasie maste/rugbypale oorweeg word waarop Eagle Towers (SA) Pty Ltd hul toerusting kan monteer.

***

**BKN015/02/2018**
**PASSING OF DRAFT AMENDMENTS TO THE BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING**
**15/1/7**

Alderman van Rooy gave a brief background to the item under discussion, whereafter the Director Corporate Services took the Committee through the recommendations.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the contents of the report be noted;

2. That in terms of section 156(2) of the Constitution read with section 11(3)*(m)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the by-law on municipal land use planning, as attached as Annexure C, in the report be passed; and

3. That in terms of section 13*(a)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the amended by-law on municipal land use planning, as attached as Annexure C, in the report, be published and come into effect on date of publication.

***

**BKN016/02/2018**
**MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) AD HOC AMENDMENT OF THE 2012-17 MSDF: FIRST DRAFT OF AMENDMENT**
**15/1/5/9**
***(The amendment report was tabled at the meeting as previously distributed electronically by the Manager: Planning and Development – Annexure A)***

Alderman van Rooy gave a brief background to the item under discussion and stated that CK Rumboll & Partners attended the Corporate Services meeting on Tuesday 06 February 2018 and presented the Municipal Spatial Development Framework (MSDF) *Ad Hoc* Amendment of the 2012-17 MSDF.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That Council provide permission for publication of the first draft amendment of the Municipality's 2012-17 Municipal Spatial Development Framework for public comment, as required in terms of Section 7.(1)(b) of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning.

***

**BKN017/02/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: NOVEMBER 2017**
**5/1/B,5/1/1**

The Executive Deputy Mayor gave a brief background to the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for November 2017.

***

**BKN018/02/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: DECEMBER 2017**
**5/1/B,5/1/1**

The Executive Deputy Mayor gave a brief background to the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for December 2017.

***

**BKN019/02/2018**
**REVISED TRANSPORT ALLOWANCE POLICY**
**4/5/2/5**

The acting Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

**RESOLUTIONS**

1. That the item be referred back for a workshop between Council and the relevant staff;
2. That the workshop be held before the next Executive Mayoral Committee meeting; and
3. That a comparison between the current AA-tariffs and the tariffs of Department of Transport be submitted at the workshop.

***MANAGER: ADMINISTRATIVE SERVICES***

***

**BKN020/02/2018**
**AFSKRYWING VAN UITSTAANDE REKENINGNOMMER: 247368**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat die bedrag van R 77 997.48 plus enige verdere renteheffing afgeskryf word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN021/02/2018**
**AFSKRYWING VAN UITSTAANDE REKENINGNOMMER: 120957**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat die bedrag van R 25 198.66 plus enige verdere renteheffing afgeskryf word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN022/02/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 07 DESEMBER 2017**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Bodtoekenningskomitee soos gehou op Donderdag 07 Desember 2017.

***

**BKN023/02/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN024/02/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN025/02/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN026/02/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN027/02/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:45***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
27 FEB 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***